

Ons Psalm- en Gesangwysies

Baie Nuwe Melodieë Ook in die Buiteland Hoog Geskat

deur Prof. P. K. DE VILLIERS A.R.A.M.

REEDS in 1915 het die N.G. Kerk besluit om 'n kommissie te benoem met die opdrag om in samewerking met soortgelyke kommissies van die Gefedereerde Kerke (N.G. Kerke) geskikte wysies te vind vir die sogenaamde onsingbare Psalms en Gesange. Die kommissie het komposisies gevra wat op die Nederlandse woorde pas, nadat prof. Jannasch, mnr. Van Velden en ek sorgvuldig die Psalms en Gesange nagegaan het om uit te vind watter wysies deur nuwe vervang moes word. Ons het 'n aantal wysies van Nederlandse komponiste ontvang. Die beste hydraes het gekom van Johannes de Heer en van hom het ons ses aangeneem.

In 1919 is besluit om ons Psalms en Gesange in Afrikaans oor te sit. Ek het dadelik daarop aangedring dat ons nie meer komposisies op die Nederlandse woorde moes vra nie; die kommissie wou egter voortgaan, met die gevolg dat baie mooi wysies wat reeds aangeneem was verander of verwerp moes word, omdat dit nie op die Afrikaanse beryming gepas het nie. Sels van die ou wysies (gelukkig onbekendes) moes hier en daar veranderings ondergaan om op die Afrikaanse berymings te pas. Die wysie van Ps. 119 kon ons nie behou nie weens Totius se beryming. Dus was ons genoodsaak om 'n nuwe wysie aan te vra. Die wysie wat nou daarby verskyn, is deur my gekomponeer. Ons werklike moeilikheid het begin toe die Geref. en die Herv. Kerk gevra het om met ons saam te werk. Om eenheid te verkry, was ons uit die aard van die saak verplig om hier en daar toe te gee. Wysies wat prof. Jannasch, Van Velden en ek verwerp het, moes terwille van die Geref. Kerk hard daarvoor geveg dat die Psalms en Gesange op lang en kort note gesing moes word. Na deeglike bespreking is toegestaan dat die lang en kort note *alleen* in die „eenstemmige” boek sal verskyn; maar in die „vierstemmige” (nl. die koraalboek) sal dit bly soos ons dit gewoonlik sing. Ek is nie teen die lang en kort note as die ritme van die musiek op die ritme van die woorde pas nie, maar dit is nie altyd die geval nie. Prof. Jannasch het 'n nuwe wysie vir Ps. 130 gekomponeer, in die styl van lang en kort note; dr. Cillié het sy uiterste probeer om ons te bewege dit aan te neem, maar het nie daarin geslaag nie, omdat die ritme van die musiek nie op die ritme van die woorde pas nie. In die tyd toe ek nog inspekteur van musiek was, het ek die studente van Denneoord (Stellenbosch) die volgende toets gegee: Merk die sterk en swak aksente op die volgende: „Uit diepten van ellenden, Roep ik, met mond en hart.” Hulle merk toe: „Uit—swak, „diep—” sterk ens.; nadat hulle klaar was, het ek prof. Jannasch se wysie op die woorde geskrywe en stel toe die vraag, of die ritme van die wysie op die ritme van die woorde pas. „Eenparig roep hulle uit: „Nee!” Ek vra toe waarom hulle dit so in die kerk sing. Die lang en kort note was 'n mislukking sedert die tyd wat De Lange van Holland se boek in gebruik gekom het,

daarom kon die kommissie dit nie aanbeveel nie. Wanneer die ou wysies op die regte manier gesing word, is hulle pragtig, maar as hulle met 'n sterk aksent op elke noot gesing word, dan is dit nie alleen verkeerd nie, maar ook eentonig.

As die prediker elke sillabe sou beklemtoon wanneer hy die woorde van die Psalms en Gesange lees, hoe vreeslik sal dit nie wees nie? Nou ja, waarom sing ons so baie soos Piet gesê het: „My pa het my die Psalms en Gesange so geleer—hou die noot vas tot jy lekker kry, en dan laat jy hom los.”

Nou dat ons die voorreg het om ons eie Afrikaanse boek te besit, laat ons ons bes doen om die ou

ek die Bach-ees in Leipzig bygewoon en het 'n paar van die nuwe wysies aan die beroemde orrelis van die St. Thomaskerk (waar die groot Bach gedurende sy leeftyd orrelis was) bekendgestel. Toe hy Ps. 147 nagesien het, sê hy: „Ek wens ons het hierdie wysie in ons boek.” Ek het die pluimpie waardeur, daar dit een van my komposisies was. Toe ek twee jaar later weer in Europa was, is ek gevra om 'n orreluitvoering in „Shoreditch Tabernacle” in Londen te gee. Na die uitvoering speel ek my wysie op Ps. 100 vir die dominee en sy orrelis. Die volgende oggend het ek 'n brief van die dominee ontvang waarin hy my versoek om

In sy artikel skryf hy: „Heelwat van die voorgestelde nuwe melodieë was in onmiskenbare Sankeystyl.” Ek het die nuwe wysies noukeurig nagegaan en vind nie een wat Sankeystyl is nie; hulle is intedeel in die Afrikaanse styl, 'n styl uit die volk gebore. Hy skryf verder, dat hy die „vryheid” geneem het om by twee Psalms, nl. Pss. 4 en 16, die oorspronklike wysies te skryf naas die twee nuwes wat deur die Musiekkommissie vasgestel was. Dit verbaas 'n mens eintlik dat hy so iets erken. Die Musiekkommissie besluit dat by Ps. 4 net die wysie van P. K. de Villiers moet verskyn en by Ps. 16 net dié van Van Velden; maar omdat die dominee nie van die twee wysies hou nie, gaan hy agter die rug van die Musiekkommissie en oorreed die uitgewers om ook die ou melodieë te druk. Toe ek die proewe nasien en die notule nagaan, het ek onraad bespeur en dit dadelik gerapporteer—met die gevolg dat ds. Coetzee op die volgende vergadering dinge moes aanhoor wat seker nie aangenaam was nie. Hier volg wat in die notule van daardie vergadering verskyn. „Ook is beswaar gemaak teen die feit dat ds. Coetzee melodieë ingehandig het vir opname en publikasie wat nie goedgekeur is en selfs afgekeur is deur die Gesamentlike Kommissie, en verder dat hy, waar die Gesamentlike Kommissie twee melodieë vir 'n Psalm goedgekeur het, die eerste keuse van die Kommissie tweede en die tweede keuse eerste geplaas het.” Nou sê hy ek het so hard geprotesteer omdat hy my wysies tweede geplaas het en die ou wysies eerste, terwyl hy weet wat plaasgevind het op die vergaderings en wat in die notule staan. Baie van die ou wysies (wysies wat in ons kerk nooit gesing is nie) sou nooit weer die lig gesien het as dit nie was terwille van die Geref. Kerk nie. Ons het baie opgeoffer om eenheid te verkry. Omdat ek ds. Coetzee se handelwyse openbaar het, noem hy sommige van my wysies klurloos, oppervlakkig ens. Ps. 4 het tien reëls—die kommissie het destyds die wens uitgespreek dat die vertalers elke vers in twee moet verdeel, nl. elk een van vyf reëls.

Daarom het ek net vir vyf reëls 'n wysie gekomponeer. Ek hoop dat dit in die volgende uitgawe so sal verskyn; geen verandering sal nodig wees nie, net die 1ste vers word 1 en 2 ens. 'n Sekere Gladys Boer het ook kritiek uitgeoefen op ons Psalm- en Gesangboek in een van ons dagblaie. Sy skryf o.a.: „Terloops merk ek selfs by die aanhef van die nuwe boekie 'n baie in die ooglopende anglisisme wat glad nie in die ou boekie bestaan nie, nl. die woord *Doh* (in die ou boekie *Ut*). Hierdie anglisisme vind ons dwarsdeur die hele nuwe boekie.” Dit is net so min 'n anglisisme as wat ek 'n Boer is. *Ut, Re, Mi*, ens. kom van die volgende: *Ut* queant laxis, *Resonare* fibris *Mira* gestorum *Famuli* tuorum, ens. Die Italiane het die *Ut* tot *Doh* verander, omdat dit 'n meer singbare klank verskaf. So kry ons mense wat kritiek wil uitoeven sonder die nodige kennis.



Prof. P. K. de Villiers

sowel as die nuwe wysies op die regte manier te sing. In Ps. 96 lees ons „Sing die Heer 'n nuwe lied.” Nou ja, handel tog volgens die Bybel en sing nie altyd die oues nie. As daar ooit 'n geleentheid was om 'n verbetering in ons kerkmusiek te bewerkstellig, dan is dit nou. Nou met die ontwrigting van die tye is musiek die enigste band wat daar nog tussen die nasies bestaan. Gewyde musiek is voedsel vir die siel. Die prediking kan miskien sonder die musiek klaarkom, musiek miskien sonder die prediking; maar verenig die twee, dan is hul invloed verdubbel. Wat sou John Wesley sonder sy broer Charles Wesley gewees het; wat sou Moodie sonder Sankey beteken het? En wat 'n krag was musiek nie vir Luther tydens die Hervorming nie? Baie van die nuwe wysies deur Afrikaanse komponiste is van so 'n gehalte dat ander kerkgenootskappe dit graag sou wou oorneem as hulle geskikte woorde kon kry. Ek het bewys daarvan. In 1925 het

die musiek van Ps. 100 aan hulle te verskaf. Dit het ek gedoen, en nou sing hulle my wysie op „Praise God from whom all blessings flow”.

Alle kerkgenootskappe in die wêreld sing net die wysies soos in hul boeke gedruk is. So moet ons Kerk ook handhaaf om eenheid te skep en te behou. Dit is die eerste maal in die geskiedenis van ons Kerk dat Afrikaanse komponiste in ons Psalm- en Gesangboek verteenwoordig is; laat ons daar gebruik maak van hul wysies in ons kerkdienste.

Tot dusver het daar nog nie kritiek van deskundiges verskyn nie. Ds. Coetzee van die Geref. Kerk Potchefstroom het dit goed gevind om 'n lang artikel in *Die Huisgenoot* van 22 Junie te skrywe waarin hy die nuwe wysies van die Psalms kritiseer; tegeelykertyd erken hy egter dat hy nie 'n musikus is nie. Dit kan ek ten volle beaam, want ek het hom gedurende al die jare van samewerking goed geleer ken.